

4.4

NOTA- EN LIDMAATSKAPGELDE

Bestek: Die beleid reël die heffing van nota- en lidmaatskapsgelde op studente se rekenings.

Beleid:

Departemente moet jaarliks vir Notagelde begroot op die voorgeskrewe lyste soos voorsien deur Afd. Studentegelde. Hierdie begrotings moet voor 30 November van die voorafgaande jaar na die Afd. Studentegelde deurgestuur word.

Hierdie fondse word via die Afd. Studentegelde (nadat dit teen die studenterekeninge gehef is) oorgeplaas na die Departemente se onderskeie N-kostepunte (bv. kostepunt xxxxN) vir gebruik. Hierdie joernaal vind gewoonlik plaas teen die einde van Maart na afloop van die studente registrasie.

LW: Dit is uiters belangrik om nie te oor- of onderbegroot wat hierdie N-kostepunte betref nie, aangesien hierdie kostepunte nie veronderstel is om op jaareinde 'n krediet- of debietsaldo te toon nie. Gevolglik moet die tarief per kopie deeglik in ag geneem word by die opstel van so 'n notagelde-begroting.

Aangesien dit 'n intydse heffing is, is dit belangrik om daarop te let dat geen laat begrotingsaansoeke aanvaar sal word nie.

Ander gelde, direk gehef op die studenterekening soos bv. lidmaatskapsgelde, laboratoriumkoste, en reisgelde, word een maal per maand gejoernaliseer na die betrokke kostepunte (KP + REK 5599) toe.

Hierdie joernaal geskied slegs op die eerste werksdag van die nuwe maand. Dit impliseer dat hoewel heffings reeds teen bv. die 5de van 'n maand op 'n studenterekening toon, die oorbetalings slegs op die eerste werksdag van die volgende maand na die onderskeie kostepunte toe plaasvind.

Kontak afdeling:

Studentegelde